MONDSTUK MEDIA
Mense & Menings

**8 Desember 2025**

***Deur  Heinrich Wyngaard***

# Die stryd van 'n Oudtshoorniet teen ras-etikette duur voort. Hy sê ons is nie bruin of swart of wit nie.

Glen Snyman van People Against Race Classification (PARC) stry al vyftien jaar lank teen rasseklassifikasie, soveel so dat hy daaroor aangekla is toe hy op 'n keer sy ras as "African" en nie "Coloured" op 'n aansoekvorm aangedui het.

Wat maak dit saak? Mnr. Snyman het PARC die afgelope tyd by twee hoëprofiel-byeenkomste bekend gestel, naamlik 'n seminaar oor inheemsheid en slawerny verlede week by UWK en 'n week tevore by Kaapse Forum se Hoerikwaggo-indaba.

Glen Snyman wil nie 'n "bruinman" genoem word nie; **dalk eerder 'n "breinman",** iemand wat diep dink oor sake van die dag, al sal hy nou nie self só sê nie. Die een saak waarmee hy hom nou al baie lank mee besig hou, is die stryd om rasseklassifikasie in Suid-Afrika afgeskaf te kry.

- Hiervoor het hy en vier ander op **1 Oktober 2010** die organisasie People Against Race Classification, afgekort as PARC, begin.
- Naas mnr. Snyman, is die ander oorlewende stigterslid mnr. Gavin Juthe.
- Die afgestorwe stigterslede is past. Bruno Walters, mnr. Fanie Jansen en mnr. Sydney Opperman, wat ook op sy dag **'n parlementslid was**.

Die vlam vir hul stryd teen rasseklassifikasie is aan die brand gesteek deur onder meer die aanwysing in 2009 van Peter de Villiers as eerste "swart" Springbokafrigter.  Mnr. Snyman verduidelik waarom dié verwysing 'n probleem vir hom was: **"Elke keer as 'n bruin persoon hoë hoogtes bereik, dan word daar na hom of haar verwys as swart," het hy gedink. "Maar as so 'n persoon vir werk moet aansoek doen, dan word jy doelbewus as bruin of Coloured geklassifiseer."**

**Dié doelbewuste klassifisering gee aanleiding tot "die ongeregtigheid wat bruinmense aangedoen word deur die ANC-regering",** sê mnr. Snyman – en dit was juis een van die groot motiverings agter die stigting van PARC. "Ons het net so swaar gekry in apartheid en hard baklei teen apartheid. Nou moet ons tweede en soms derde in die lyn staan vir werke, tenders, bevorderings, ens."

*Weet julle van die keer (**Okt.2020**) toe mnr. Snyman, wat voorheen 'n onderwyser was, aansoek gedoen het vir 'n pos en hy toe dissiplinêr aangekla is deur die onderwysdepartement? Waarom? Omdat hy by die ras-blokkies nie die bruin of "Coloured"-boksie nie, maar die "African"-een afgemerk het. **Dié siniese reaksie deur die departement** teen **mnr. Snyman se beginselvaste optrede,** het aan hom 'n nasionale profiel gegee en PARC se naam behoorlik op die map gesit.*

**Suksesse wat PARC tot nou behaal het, sluit in:**

- Mnr. Snyman se geveg teen die onderwysdepartement gewen;

- Die Nasionale Vergadering se besluit in September 2022 dat ’n nasionale dialoog oor rasseklassifikasie deur die regering gereël moet word; en die verklaring deur die parlement van die term “Kleurling” as beledigend (neerhalend); en
- Die Bloeddiens se aankondiging dat hulle die kategorie “other” sou voeg by die raskategorieë op hul bloedskenkvorms, “maar nou het hulle teruggegaan op hul woord”.

Selfs mense wat PARC se strewe teen gedwonge rasseklassifikasie steun, is nie so seker oor die organisasie se standpunt **dat die term “Kleurling” gekriminaliseer moet word** nie. *Mondstuk Media* wou daarom by mnr. Snyman weet of mense dan nie die reg het om hulself te identifiseer soos wat hulle goeddink nie? Hy sê: “Dit is elke mens se reg en ons respekteer dit.”
PARC tref ook ’n onderskeid in hul veldtog vir die kriminalisering van “Kleurling”. Soos wat mnr. Snyman dit verduidelik, vra hulle nie vir ’n “algemene kriminalisering” nie, maar wel vir “**subjektiewe kriminalisering”. Dit wil sê: “As ek vir jou vra [om my nie ‘Kleurling’ te noem nie] nadat ek jou daarop gewys het, moet jy dit respekteer.**”

**Twee vinnige vrae:**

(1) Wie is mnr. Snyman se rolmodel?
**Dr. Allan Boesak, “vir hoe hy in die struggle-tyd vir ons baklei het en omdat hy ’n ware voorbeeld van die Christen-geloof is”.**

(2) Wat is mnr. Snyman se motto?
**“Reg bly reg al doen niemand dit nie; en verkeerd bly verkeerd, al doen almal dit.”**

**PARC-nuus pas bekend:** Die Khoisan-navorser en teoloog **dr. Willa Boezak** het ingestem om as die **eerste ambassadeur vir PARC te dien**. Dit is geldig sedert **1 Desember**, die vrystellingsdatum van die slaafgemaakte mense uit Suid-Afrika se koloniale era. Dr. Boezak word in sy aanstellingsbrief geloof vir sy “lewenslange toewyding aan geregtigheid, gelykheid, die Christelike geloof en die afbreek van rasseverdelinge”.




*Mnr. Glen Snyman (regs) en dr. Willem Boezak (links) afgeneem by die Universiteit van die Wes-Kaap (UWK) se 2025 seminaar oor inheemsheid en slawerny.*